

Donderdag 28 April

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:13

Verseëling met die Heilige Gees

Wat beteken dit om verseël te wees met die Heilige Gees? Hierdie woord in Grieks het drie betekenisvelde, naamlik waarborg van egtheid, eiendomsmerk en teken van beskerming.

Waarborg van egtheid

Dink aan die koning van ouds wat sy seël op 'n dokument sit om te verklaar dat die dokument eg is. Vandag kan 'n kommisaris van ede verklaar dat 'n afskrif 'n ware afskrif is van die oorspronklike. In Christus is die gelowiges met die Gees verseël. Eers is daar die hoor van die Woord, dan volg die geloof in Christus en so volg die verseëling. Verseëling met die Heilige Gees is geen kerklike seremonie nie. Dit is geen addisionele ervaring nie, maar dit is die heerlike deel van elke gelowige. Namate die geloof helderder en sterker word, ervaar die gelowige meer hierdie heerlike voorreg.

Eiendomsmerk

In die tyd van slawehandel is 'n slaaf gemerk met die merk van die eienaar. So merk boere hulle skape en beeste. Verseël met die Heilige Gees beteken dat God sy merkteken op ons plaas, ons word eiendom gemaak deur die werk van Christus en die Gees. Ons is duur gekoop, 'n baie duur prys is betaal. Ons wat slawe van die sonde was, is losgekoop en is God se eiendom.

Teken van beskerming

Ons lees van die graf van Jesus wat verseël was. In Openbaring lees ons van die boek wat aan die Lam oorhandig is, wat met sewe seëls verseël was. Vandag nog seël ons items. 'n Elektriese meter word met 'n draadjie geseël sodat jy kan sien as ongemagtigde persone daaraan gepeuter het. So verseël die Heilige Gees ons sodat niks of niemand ons ooit van die liefde van Christus kan skei nie.

Ons het as gelowiges 'n groot troos. Ons is verseël, ons verlossing is eg, ons is gemerk met die Gees en ons word beskerm tot die dag van die wederkoms.

Sing: Psalm 71-1:6, 9

Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)